

8. Tegnologie

Inleiding


Tegnologie fokus op jou vermoë om relevante kennis en vaardighede te gebruik om 'n produk te ontwerp en te maak wat probleme oplos of in basiese menslike behoeftes en/of begeertes voorsien. Jy moet nadink oor die impak wat jou oplossings op mense en die omgewing sal hê. Jy sal geskikte grafiese kommunikasievaardighede ontwikkel om jou te help om oplossings te skets wat gebruik sal word om aan jou idees gestalte te verskaf.

Inhoud


In graad 9 sal jy op dieselfde ontwerpprosesvaardighede fokus (ondersoek, ontwerp, maak, evalueer en kommunikeer) as wat jy in graad 7 en 8 toegepas het. Jy moet egter nou 'n gedetailleerde begrip toon van wat onder elke opskrif ver wag word.

Die kennis wat jy sal gebruik wanneer jy ontwerp, behels die volgende:

Strukture




Verwerking



Stelsels en beheer: Meganies



Stelsels en beheer: Elektries



Jou onderwyser sal aan jou geskikte konteks verskaf of 'n toneel beskryf waar jy kennis en vaardighede sal toepas om oplossings te ontwerp of te maak – met die impak op mense en die omgewing gedurig in gedagte.

Tydstoedeling

Jou rooster moet ten minste 2 uur in 'n vyfdaagse siklus aan Tegnologie afstaan. Dit sal vir jou genoeg tyd gee om die meeste van die werk in die klas te voltooi. Huiswerk sal gegee word om dit wat in die klas onderrig is, in te skerp.

Assessering

Die tabel hieronder dui die minimum getal assesserings aan wat jy elke kwartaal vir punte sal doen.

'n Mini Praktiese Assesseringstaak (mini-PAT) bied geleentheid om jou vermoë te verbeter om te ondersoek, te ontwerp, te maak, te evalueer en te kommunikeer. Die mini-PAT wat jy voltooi vir kwartaal 3 moet die omvattende reeks tegnologiese vaardighede demonstreer.

	Kwar-taal 1	Kwar-taal 2	Kwar-taal 3	Kwar-taal 4
Toets of eksamen	1	1	1	1
Mini PAT's	1	1	1	1

Loopbane

Tegnologie as 'n vak hou verband met baie studierterreine in ingenieurswese en sal toekomstige keuses in hierdie velde ondersteun.

